SHELLEY POINT NUUS

'n Gemeenskapsnuusbrief wat daarop gemik is om samehorigheid, openheid en die verspreiding van inligting by Shelley Point te bevorder.

Vertaal deur Neels Kornelius

Winter 2019

VAN DIE REDAKTEUR:

Goeiedag almal,

Soos in verlede maand se nuusbrief vermeld, is daar besluit om die maandelikse nuusbrief om te skakel na 'n kwartaallikse publikasie. Ons vertrou dat julle SPN sal bly waardeer en ook sal voortgaan om gereeld te reageer met julle kommentaar en ook navrae. Hierdie uitgawe van die nuusbrief is dus bedoel vir die wintermaande Junie, Julie en Augustus – maande waarin ons uitsien na voldoende reën, 'n uitbundige vertoning van ons veldblomme en temperature wat hopelik nie te koud sal wees nie.

Onthou dat hierdie *julle* nuusbrief is. As daar dus enigiets is wat julle graag in 'n toekomstige uitgawe sou wou sien, laat weet ons gerus. Of neem die vrymoedigheid om 'n bydrae aan te stuur oor 'n onderwerp wat julle meen ons inwoners en huiseienaars relevant of interessant mag vind.

Geniet asb. 'n veilige, vreedsame en gesonde winter, waar julle julle ook mag bevind!

Met vriendelike groete,

Terry - shelleypointnews@gmail.com

VAN DIE VOORSITTER:

Soos baie van ons inwoners, was ek geskok om te verneem van die foto van die afvalwater wat uitvloei vanaf die Oceana visfabriek wat onlangs op "WhatsApp" gesirkuleer is. Mense wat dit nog nie gesien het nie, kan dit gerus opsoek op "Google Earth" en daarna kyk!

Omgewingskwessies lê ons na aan die hart en hierdie probleem is geensins nuut nie. Die probleem wat nou deur die genoemde foto op Google Earth uitgewys is, is maar een van 'n hele aantal sake met 'n omgewingsimpak wat vir ons gemeenskap van belang is. Daar is verder nog:

- Rioollekkasie vanaf die munisipale pompstasie in Stompneusbaai;
- Die aansoek om 'n prospekteerlisensie vir minerale in die area;
- Lugbesoedeling vanaf verskeie van die visfabrieke in die Baai;
- Die voorgestelde Boulders windplaas op die heuwels suidwes van Shelley Point;
- Stropery in die kreefreservaat (en ook soms die wild op die landgoed).

Hierdie is nie 'n nuwe situasie nie en die Trustees het oor die jare met verskeie van die owerhede geskakel om te probeer om besoedeling in ons deeltjie van die aarde te bekamp. Ek meld hier ook graag die besondere rol wat Niel du Toit en Chris Sivertsen in hierdie verband speel (voorheen ook Frik Potgieter).

Ongelukkig is die vordering hiermee maar stadig omdat so baie verskillende instansies op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak hiermee gemoeid is, wat sake ingewikkeld maak wanneer druk uitgeoefen moet word om sterker optrede te vra.

In hierdie nuusbrief verduidelik Niel du Toit watter probleme rondom die storting van afvalwater in die baai bestaan en ons sal in die toekoms verder besonderhede verskaf (en ook die stappe wat geneem word) oor die lugbesoedeling (en die slegte reuke vanaf die visfabriek) en eienaars op hoogte hou van die vordering met die prospekteeraansoek en die windplaasprojek.

Eienaars met spesialiskennis of blootstelling aan omgewingswetgewing en -bestuur en wat belangstel om by hierdie werk betrokke te raak, word aangemoedig om Chris Sivertsen hieroor te kontak om hulle rol hierin te bespreek. Hierdie sake raak elke eienaar by Shelley Point en onbetrokkenheid sal ons nêrens bring nie.

Met beste wense,

Ian Mac

HUISEIENAARS AAN DIE WOORD:

'n Heerlike besoek aan Shelley Point: Keith skryf: "Baie dankie vir die uitstekende nuusbriewe en dat julle ons op hoogte hou van verwikkelings op Shelley Point. Ek is dankbaar vir die tyd en moeite wat julle afstaan om 'n nuusbrief met hierdie hoë standaard uit te reik. Ek waardeer dit. Ek het Shelley Point in April besoek en was heel beïndruk met die nuwe binneversiering van die hotel en die restaurant, die aantreklike manier waarop die swembad in 'n Koidam omskep is, en die heropening van die masseersalon en gesondheidsentrum. Ek was ook bly oor die hoeveelheid bouwerk wat aan die gang was, wat tog ook waarde tot Shelley Point toevoeg. Die hoogtepunte van die besoek was die vriendelike geselskap van met lede van die gholfklub in die klubhuis en die stappie, saam met my maat, op die strand na die vuurtoring op 'n pragtige, sonnige, windstil dag. Ek wil net graag voorstel dat die bestuur van die gholfklub oorweeg om die aanwysings na die volgende bof verbeter."

TERUGVOER VAN DIE SHELLEY POINT RAAD VAN TRUSTEES:

Kwartaallikse Trusteevergadering: Hierdie vergadering is op 31 Mei by Shelley Point gehou. Die volgende is 'n paar van die punte van belang wat bespreek word:

- **Geskil met die ontwikkelaar:** Hierdie probleem is nog nie opgelos nie, maar die proses om 'n oplossing te vind gaan voort en dit sal hopelik binnekort tot almal se tevredenheid opgeklaar word. 'n "Aansoek om die oplossing van 'n geskil" is by die Ombuddiens vir Gemeenskapskemas (CSOS) ingedien en hierdie proses gaan ook nou voort.
- **Ontsoutingsaanleg:** Stadige vordering word gemaak en 'n belangrike mylpaalvergadering sal op 5 Junie gehou word. Hierdie vergadering sal alle belanghebbendes in die projek betrek.
- **Finansies:** SPHOA finansiële posisie bly positief met inkomstestrome effens voor die begroting en uitgawes wat streng beheer word.
- **Agterstallige heffings:** Bly 'n bron van bekommernis oor dat die uitstaande balans steeds groei namate prokureursfooie en rente ophoop. Druk word op die versamelingsagentskappe toegepas en 'n aantal sake sal in Junie in die hof verskyn. Hierdie gevalle sal waarskynlik lei tot die beslaglegging van eiendomme om die terugvordering van gelde te verhaal.

- **Omgewingsvraagstukke:** Daar is ooreengekom dat dit nodig sal wees om die vestiging van 'n toegewyde "Omgewingsportefeulje" op die Trusteeskomitee te oorweeg ten einde effektief te handel met die toenemende aantal omgewingsake in die gebied.
- **Sport- en sosiale klub:** Die klub is in 'n sterk posisie finansieel met inkomste voor die begroting en die koste word goed bestuur. Trustees glo daar is verdere inkomstepotensiaal indien 'n meer geskikte plek vir klubaktiwiteite gevestig moet word. Kos en drankverkope bied goeie inkomste wat aansienlik gegroei kan word.
- **Klubhuis:** Werk is aan die gang met betrekking tot die voorgestelde Shelley Point Klubhuisprojek. 'n Aantal besware, veral ten opsigte van die klubhuisbefondsingsmodel, is opgemerk en die Trustees is besig om 'n reeks opsies te ondersoek wat vir die meerderheid lede meer aanvaarbaar kan wees. Wees asseblief verseker dat geen besluite in hierdie verband gemaak sal word sonder verdere konsultasie en lidmaatskap nie.

SEKURITEITSVERSLAG (Daniel Plaatjies):

- **Waarskuwing:** Let op asb. dat, wanneer u die diens van werknemers soos tuiniers of huisbediendes beëindig, ons versoek dat die sekuriteitkantoor in kennis stel, sodat ons databasis reggestel kan word. Dit sal verseker dat ons databasis steeds geldig bly en sal verhoed dat eks-werknemers steeds toegang kan kry tot die landgoed met hul vingerafdrukke.

- **Sekuriteitsoorsig:** Wees asb. verseker dat ons steeds ‘n hoë vlak van sekuriteit handhaaf en geen misdaad of onvanpaste gedrag sal toelaat nie. Ons streef altyd daarna om ‘n veilige omgewing vir alle inwoners en hulle gesinne te verseker. Neem dus asb. kennis dat ons van tyd tot tyd, as deel van die toegangsbeheer, voertuie sal deursoek. Hierdie praktyk is ‘n pro-aktiewe optrede wat deur Excellerate Security Services met sukses toegepas word by ander landgoedere waar ons betrokke is. Die ESS-beamptes en hul voertuie sal dus voortaan meer aktief wees en u word versoek om u samewerking aan hulle te bly gee.

- **Insidente:** Hoewel landgoedere soos Shelley Point goeie sekuriteit bied, bly misdaad steeds ‘n faktor en word inwoners versoek om ook hulle deel te doen deur onbehoorlike of suspisieuse gedrag aan te meld. In die afgelope maand is twee gevalle waar tuindienste betrokke was, gerapporteer en is dit ondersoek. Voorlopige bevindings dui aan dat sekuriteitsmaatreëls oortree is en dit word opgevolg.

- **Bouwerk en nuwe bure:** Daar is reeds dikwels vasgestel dat die teenwoordigheid van konstruksiewerkers ‘n toename in misdaad in woongebiede meebring. Wanneer u dus suspisieuse gedrag bemerk, rapporteer dit asb. direk aan ons beheerkamer by 022 742 1888 of 066 359 4273.

- **Nuwe ‘Vispol’-bevelvoerder by SAPD St Helenabaai:** Adjudant-offisier Schmidt het op 14 Mei 2019 oorgeneem by A/O Oliphant by hierdie kantoor en ons sal steeds in noue verbinding bly met die SAPD in ons area.

LEAPFROG PROPERTIES FOTO VAN DIE MAAND:

Omdat ons nou hierdie nuusbrief kwartaalliks uitgee in plaas van maandeliks, het ons besluit om meer as een wenfoto vir elke uitgawe te kies. Hierdie Winteruitgawe bevat dus twee wenfoto’s.

Die wenfoto's van al die 2019-uitgawes van *Shelley Point* Nuus kom outomaties in aanmerking vir deelname aan die Foto van die Jaar-kompetisie en die kontantpryse wat deur Maurits Marnewick van *Leapfrog Properties* geborg word. Die Lente-uitgawe, wat vroeg in September beskikbaar sal wees, is dus die volgende geleentheid om hierdie jaar om deel te neem. Die enigste reëls vir die kompetisie is dat dit oorspronklike foto's moet wees en enige aspek van Shelley Point moet vertoon – die toneel, flora, fauna (ook troeteldiere), geboue, wat ook al.

Die eerste kom van Charmaine met die titel **"Poedels by sonsopkoms".**



Die tweede wenfoto is deur Ian ingestuur en heet **"Nog net 'n paar inwoners".**

SPORT EN SOSIALE AANGELEENTHEDE:

'Sundowners'-byeenkoms: Hierdie vind gewoonlik plaas van 17:30 tot 19:00 by die klubhuis op die laaste Vrydag van elke maand. Teken dus 28 Junie, 26 Julie en 30 Augustus aan en sluit aan by ons vir vriendelike geselskap, drankies teen klubpryse en 'n mooi uitsig op die gholfbaan. Hamburgers en worsrolletjies sal ook dan te koop wees.

Gholf: Dit het onlangs onder ons aandag gekom dat Johan Blaauw 'n besondere prestasie behaal het. Sy rondtetelling was dieselfde as sy ouderdom. Op ouderdom 78 het hy 78 aangeteken! Is daar iemand wat hom dit kan nadoen? Daar is ses biere uitgeloof vir enigiemand wat 'n gholfrondte kan voltooi met die telling van sy/haar ouderdom. Vir meer inligting oor die gholf, raadpleeg gerus die inligting op die laaste bladsy.

Rolbal: Lede van die Shelley Point Rollers kom steeds gereeld bymekaar vir rolbal hierdie tyd van die jaar, maar nie so dikwels as in die somer nie. Nuwe lede wat in Mei aangesluit het, bring die totaal nou op 31. Daar het ook twee lede van Velddrif by ons aangesluit by een geleentheid en ons hoop hulle het die spel geniet hier by ons en dat ons hulle weer sal sien. Die perk is nou weer in 'n goeie toestand en dit lyk of die chemiese skade vir eers onder beheer is. Ek sal laat weet of ons die perk in die wintermaande sal sluit vir instandhouding, maar ons beplan nie nou so iets nie. Ons voel geëerd omdat twee uile ons spel verlede week vanuit die palmboom dopgehou het. Een Vrydag het ook 'n nuwe lid, in die vorm van 'n duikertjie, by ons aangesluit terwyl ons gespeel het. Daar is seker nie baie mense wat kan sê dat die spel onderbreek is om na wild te kyk nie.

Tot 'n volgende keer – ek hoop om julle binnekort ook op die baan te sien. Kontak my gerus per e-pos by Chezroberts@mweb.co.za vir meer inligting. – Liz Roberts.

Tennis: Geen verslag hierdie maand nie. Kontakbesonderhede vir die tenniskaptein verskyn op die laaste bladsy.

Brug: Onthou dat die St Helenabaai Brugklub elke Woensdagmiddag byeen kom in die konferensie-kamer van die klubhuis. Alle spelers is welkom – beginners of meer bedrewe. Ons speel 'n toernooi op elke eerste Woensdag van die maand wat bygewoon word deur spelers vanuit die hele Weskus. Dis lekker om te kan aankondig dat, na 10 maandelikse sessies, pare van ons plaaslike SHB-klub die eerste en die tweede plekke inneem!

Callanetika: Informele Callanetika sessies is beskikbaar op Donderdagoggende om 09:00 vir dames wat daarin belangstel. Bring net 'n matjie of 'n handdoek.

Joga: Ons is bly om te kan aankondig dat ons nou ons eie Hatha Joga-instrukteur het by Shelley Point! Derri Crockett het ingewillig om klasse aan te bied op Maandae (oggende en/of aande), en Dinsdag- en Donderdagaande. Die lesse kan deur almal bygewoon word – beginners of ervare deelnemers, jonk of oud, mans of dames – vir 'n maandelikse fooi van R150 of R20 per les. Kontak Derri asb. by derri@sailing.co.za vir meer inligting en om julle voorkeur vir die tyd deur te gee. Julle hoef net jul eie jogamat te bring. Ander toerusting is opsioneel.

DIE LEWE IN SHELLEY POINT:

Reënval: Henri, wat rekord hou van die reën en dit aan ons deurgee, rapporteer dat 17mm vanaf die middel van April tot die middel van Mei geval het. Dit bring die totaal vir die jaar op 65mm te staan en dit sluit nie die wonderlike reën wat op 20 Mei geval het in nie! Die reënval vir hierdie jaar is steeds baie meer as vir verlede jaar en ons hoop dat hierdie gunstige neiging in die volgende drie maande voortgesit sal word.

Staproetes in die Weskus: Omdat daar blykbaar groot belangstelling is in stap en staproetes by sowel inwoners as besoekers aan Shelley Point, het ons besluit om sommige hiervan bekend te stel in die komende uitgawes van hierdie nuusbrief. Die eerste artikel handel oor die *Steenbok Dagroete.*

Die Steenbokroete begin en eindig by die Tsaarsbankhek van die Weskus Nasionale Park. Die hele roete lê in die Postberg-gedeelte van die park en is slegs oop vir die publiek in Augustus en September van elke jaar wat saamloop met die blomseisoen. Die roete is dus uiters gewild en permitte word benodig. Dit kan by die hek verkry word, maar getalle word beperk en dit word dus aanbeveel dat julle permitte 'n paar weke vooruit bespreek om teleurstelling te vermy.

Hierdie is 'n roete wat stapgeesdriftiges NIE behoort te mis nie. Behalwe 'n skouspelagtige blommetapyt, is daar ook 'n oorvloed van wildslewe om te bekyk (sebra, verskeie boksoorte, besonderse voëllewe, ens.) en ook pragtige vergesigte oor die strandmeer aan die een kant en die oseaan aan die ander kant.

Dis nie die maklikste roete nie, want dit is 14 km lank en sluit ook 'n paar stywe opdraandes in, maar die uitsig maak dit alles die moeite werd. Die roete is goed uitgelê met gekleurde pale en hier en daar 'n

roetebord. Dit is beter om die roete vroegoggend te begin. As jy by die Tsaarsbankhek aanmeld teen 09:00, het jy genoeg tyd om die staptog te geniet, foto's te neem, 'n piekniekete te geniet en nog genoeg tyd om terug te kom by jou voertuig voor Postberg sluit om 17:00. Die beste plekke om middagete te neem is by die *Vingerklippe* waar die uitsig oor die strandmeer werklik indrukwekkend is, of by die uitspanplek by *Plankiesbaai* waar daar piekniektafels en toiletfasiliteite beskikbaar is. Besprekings vir hierdie staproete sal weer in Junie open – skakel 022 707 9902/3 vir meer inligting.

Besoedeling in St Helenabaai: Baie dankie aan Niel du Toit, wat ons op hoogte hou oor hierdie onderwerp. Hier volg sy verslag ...

Die van julle wat al vanaf die kleinboothawe in die rigting van Lucky Star gestap het, sal bewus wees van die onaangename reuk en ook die sigbare tekens van die besoedeling wat soms daar opgemerk kan word. En dit ten spyte van alle pogings om hierdie probleem aan te spreek.

Met vier vismeelfabrieke wat werksaam is in St Helenabaai en ook ander instansies wat afvalwater uitlaat, is besoedeling van die baai maar steeds 'n ernstige probleem. Om dit te bekamp, is die St Helenabaai Waterkwaliteit Trust (SHBWQT) op 13 Julie 2000 gestig. Die Trust se missie is, "*Om gesamentlike aanspreeklikheid te aanvaar vir die instandhouding van die welsyn, diversiteit, volhoubaarheid, en produktiwiteit van ons eie seekus*".

Die lede van hierdie trust is die nywerhede en instellings wat tans afvalwater uitpomp in die Baai, nl. BP Marine, Lucky Star, West Point, Oranjevis, maar ook die Bergrivier- en Saldanhabaai Munisipaliteite en ander instansies wat 'n belang het hierby. Die vismeelfabrieke is die grootste bydraers tot die Trust met ongeveer R55 000 per fabriek per jaar of R400 000 in totaal.

Die Trust kan nie sy besluite afdwing nie, maar speel 'n rol by die monitering en kan adviseer. Die Departement van Omgewingsake (DEA) en, meer spesifiek die afdeling Oseaan en Kusgebied, is verantwoordelik vir die uitreiking en bestuur van Wateruitlaatpermitte vir die Kusgebied (CWDP). Hierdie permitte bepaal die standaarde vir die kwaliteit van die afvalwater van elke permithouer.

Shelley Point HOA, as 'n geïnteresseerde en geaffekteerde party, is vir baie jare by die SHBQWT verteenwoordig deur Frik Potgieter, maar hy het in 2016 uitgetree en sedertdien het Chris Sivertsen, as Trustee, en Niel du Toit ons daar verteenwoordig. Vanaf 2018 is SPHOA ook 'n bydraende lid van SHBQWT. Ons bydrae in 2019 beloop R1 564.

Die onlangse uitvloei van rioolwater by die pompstasie langs Lucky Star wat een van die oorsake van hoë E. coli-tellings mag wees

Die Trust bestuur en befonds die neem van tweeweeklikse monsters van die water in die Baai op 14 verskillende plekke. Die voorkoms van fekale koliforms en E. coli, as indikators van die moontlike teenwoordigheid van siekte veroorsakende organismes, word vir elke monster bepaal. Die permitte vereis

ook bentiese toetse om die algemene gesondheid van die water in die Baai te bepaal. Die uitslag van al die ontledings word aan alle deelnemers en die DEA gesirkuleer.

Die mees onlangse 'State of the Bay'-verslag van Anchor Environmental, wat op bogenoemde, sowel as verdere determinante gebaseer is, toon dat, terwyl daar wel 'n verbetering is in die besoedeling, daar nog baie gedoen moet word. Die monsters toon by tye steeds onaanvaarbare vlakke van besoedeling en dit wek ernstige kommer.

CWPDs is nou toegestaan aan al die visfabrieke, behalwe West Point, wat nog aansoek doen om 'n permit. Ons hoop dat die nakoming van die permitvoorwaardes 'n verbetering van die huidige situasie sal meebring. Die handhawing van die voorwaardes bly egter maar 'n probleem, maar dit wil lyk of dit wel verbeter. Ons sal verder verwikkelings fyn dophou en verder daaroor rapporteer.

Die 'State of the Bay'-verslag kan op die Anchor Environmental webblad gelees word en die webblad van die Trust is *swt.org.za.*

Restaurantresensie: Nou dat die nat en koue weer op hande is en met heelwat restaurante wat sluit in Junie/Julie, het ons onverskrokke resensente, Cheese Mouse en Wine Fly, besluit dat hulle 'n tydjie gaan afneem en vir eers 'n winterslapie geniet. Maar hulle sal terug wees in die Lente-uitgawe met hulle menings oor die kookkuns in ons omgewing. Ons kan nie wag vir hulle aanbevelings nie!

Die wilde-kat-projek: Die vanghok wat onlangs aangekoop is, is reeds gebruik vir die vang die wilde rondloperkatte en hulle vervoer na Wesland Diereklinik vir sterilisering. Dit is jammer dat so min van ons inwoners hierby betrokke wil raak en dat ons wilde katbevolking steeds toeneem. Ons het tog slegs gevra dat elke gesin verantwoording neem vir die sterilisering van net een kat. As almal help, kan ons die situasie gou onder beheer bring. Die prosedure wat gevolg moet word, is in besonderhede beskryf in die Mei-uitgawe van SPN – verwys asb. na die inligting daar.

Baie dankie aan Estelle, Tracy, Marsha en Charmaine wat baie proaktief was en al die katte in die area by 1ste, 2de en 3de Straat probeer gesteriliseer kry. Hulle het nie slegs gereël vir die sterilisering van die volwasse katte in hul omgewing nie, maar ook huise gevind vir 'n hele paar klein katjies. 'n Soortgelyke suksesverhaal is behaal deur die Karpol-, Bryan-, Bester-, en Mackintoshgesinne van 5de Straat, wat gesorg het vir gesorg het vir die hantering van die wilde katte van gebied om 4de, 5de, 6de en 7de Straat. Daar is dus geen verdere toename in die katbevolking van daardie hele area nie. Waarom kom julle nie maar ook ooreen met julle bure nie en doen saam 'n poging om ook die wilde katte in julle

'n Gesteriliseerde kat word terug gebring na Shelley Point nadat Estelle gesorg het vir die vervoer en steriliseringkoste.

onmiddellike omgewing te laat steriliseer? Tree in verbinding met Sekuriteit om die vanghok te bring en maak dadelik 'n afspraak by die Wesland Dierekliniek vir die volgende dag.

VASCO SÊ:

Na die droogte van verlede jaar, is dit heerlik dat die gholfbaan nou weer so mooi groen is. En die blomme kom ook nou sommer gou in al hulle glorie. Ek kan nie wag nie!

SPHEV KONTAKLYS			
Posisie	**Naam**	**E-pos**	**Telefoon**
Landgoedbestuurder	Norman Cowen	manager@sphoa.co.za	082 784 2920
Administrateur	Lindy Cowen	admin@sphoa.co.za	022 742 1309
Sekuriteitsbestuurder	Daniel Plaatjies	daniel.plaatjies@excellerate.co.za	071 312 8861
Reaksievoertuig	Toesighouers	NVT	083 636 6466
Kontrolekamer	Controllers	NVT	022 742 1380 022 742 1888 066 3659 4273
Pro Shop/Klubhuis	Gerilda Arendse	shelleypcc@gmail.com	022 7421037
Golfkaptein		johan.blaauw04@gmail.com	084 5781892
Rolbalkaptein	Liz Roberts	chezroberts@mweb.co.za	083 327 4349
Tenniskaptein	Robert Dick	robbydick0312@gmail.com	0769026845
Brugkaptein	Terry Mackintosh	didge28@gmail.com	076 6004641
Gemeenskaps-kennisgewingbord	Chris Roberts	chezroberts@mweb.co.za	076 7832035
Brandalarm (ADT)	Response Vehicle		0835560052
SA Polisiediens	St Helenabaai		0227368060
SA Polisiediens	Nasionaal		10111
Ambulans	Nasionaal		10177
Selfoon nooddiens			112